VOORBIDDING:

Wêreld: Bahrein, Koeweit, Oman, Katar, Saoedi-Arabië, Verenigde Arabiese Emirate en Jemen. Oplossing vir konflikte [Palestyne-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur.

RSA & Dorp: Wet en Orde - polisie en beskermingsdienste, veiligheidswagte, misdadigers en slagoffers. Bevryding van korrupsie en onbevoegdheid. Vigs geïnfekteerdes en -geaffekteerdes. Dwelmafhanklikes en -geaffekteerdes. Groter eenheid tussen alle Suid-Afrikaners ongeag taal en ras; die armes, werkloses en gemarginaliseerdes in ons samelewing. 'n Geseënde toekoms vir alle Suid-Afrikaners.

Gemeente & Kerk: Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Reën wat ons so nodig het en oordeelkundige gebruik van water. Almal betrokke by kategese, tienerkerk en groepe.

Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar: Marius de Villiers (Hoog), Morgan Gill (Strand), Hetta Potgieter (Mooiberge), Pieter Robinson (Da Chavonnes) en Theo Ueckermann (Bergbosch).

Naaldwerkbediening

As jy graag naaldwerk doen en Donderdae vry is om te kom help, is jy baie welkom by die Naaldwerkbediening. Skakel Anette Cronje by 021 886 5115 as jy meer wil uitvind wat alles van jou verwag word. Sy verwelkom graag nuwe, ywerige helpers. Hulle kom Donderdag, 17 Januarie, weer bymekaar om te werk.

Herwinningspapier vir Huis Horison moet asb in die houtkas met die opligdeksel (in die vierkant, links van die hek) geplaas word. Daar is ook herwinningsakke in die mandjie by die staalhek of in die kerkkantoor beskikbaar.

GROENgedagte #120 Hierdie jaar gaan ons die EARTH CHARTER van 1987 bietjie van naderby bekyk. Reeds 32 jaar gelede het die VN hierdie handves vir die aarde aanvaar, maar 32 jaar later sukkel ons nog steeds om ekologies sensitief te leef. Ons gaan elke week 'n gedeelte daarvan lees.

PREAMBLE: *We stand at a critical moment in Earth's history, a time when humanity must choose its future. As the world becomes increasingly interdependent and fragile, the future at once holds great peril and great promise. To move forward we must recognize that in the midst of a magnificent diversity of cultures and life forms we are one human family and one Earth community with a common destiny. We must join together to bring forth a sustainable global society founded on respect for nature, universal human rights, economic justice, and a culture of peace. Towards this end, it is imperative that we, the peoples of Earth, declare our responsibility to one another, to the greater community of life, and to future generations.*

Daar het al plante en diere uitgesterf waarvan ons nooit eens geweet het nie. Terwyl die mensdom vorentoe aansukkel ten alle koste, vertrap ons die aarde en alles wat daarop is en leef. Ons het 'n verantwoordelikheid teenoor die ganse lewende wêreld en die aarde waarop alles leef. Wat gaan jy doen sodat toekomstige generasies steeds die natuur kan geniet?

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

Sondag 13 Januarie 2019

Eerste Sondag ná Epifanie

Tema	Sewe weke met die ritmes vir die lewe #1 - Spieël
Teks	Kol 2: 6-15
Prediker	Leon Cronje
08:45	Gebedsgeleentheid (komiteekamer)
09:30	Erediens
09:30	Kleuterkerk
10:30	Junior kategese indeling
18:00	Jeugdiens: Alle graad 8-12's welkom!

Jaartema: Dissipels groei saam nader aan Christus deur die Gees.

Doop vandag Baie welkom aan Joe Muller en sy ouers, Johan en Liesel. Welkom ook aan al die vriende en familie wat hierdie spesiale geleentheid bywoon.

Bediening aan ons jeug

Kleuterkerk: Alle voorskoolse kinders is welkom om by die kleuterkerk in te skakel. Dit vind plaas gedurende die erediens. Vra net by die dienswerkers (by die deure) waar dit is as julle nie weet nie. Indien daar mammas of pappas is wat wil kom hand bysit by die kleuterkerk, kontak asb vir Elzanne van der Westhuizen (074 144 9226 / 021 880 1599).

Kategese: Alle graad 1 tot 7 kinders saam met hulle ouers moet asb. net vir 5 minute na die erediens in die kerkgebou agterbly vir registrasie en belangrike inligting oor die jaar se kategese en jeugbediening.

Jeugdiens en Senior-kleingroepe: Alle graad 8 tot 12 tieners kom vanaand 18:00 in die kerksaal bymekaar vir 'n Jeugdiens sowel as registrasie vir kleingroepe 2019. Die belydenisvoorbereiding vir graad 11's begin ook vanaand saam met die Jeugdiens.

Is jy nuut by ons? Kom gerus ná die diens na voor waar 'n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet. **Kom geniet gerus 'n koppie tee en lekker koffie in die leeskamer en neem boeke uit by ons biblioteek in die vierkant.**

PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK: Maandag 14/1 tot Sondag 20/1

Di 15/1	10:00	Bybelstudie (Bonheur)
Wo 16/1	09:00 & 19:00 09:00 - 12:00	**Geloofsgroei-byeenkomste** in die konsistorie. Almal welkom. **Marktafel en Teetuin**
Do 17/1	09:00 - 12:00	**Naaldwerkbediening:** Kontak Anette Cronje by 021 886 5115 as jy saam wil kom werk aan al die projekte wat hulle aanpak.
So 20/1	09:30 09:30 18:00 18:00	**Erediens**: Monty Sahd (Doopgeleentheid) Kleuterkerk en junior kategese Jeugdiens Nagmaal by Bonheur

Die deuroffer vandag gaan aan Stellenbosch Jeuguitreik: Jeuguitreik is ’n organisasie wat na die belange van die Stellenbosse straatkinders omsien. Programme en ontspanning word vir kinders aangebied. Hulle word ook versorg, gevoed en ondersteun in ’n blyplek en gehelp met huiswerk. ‘n Kleingroep uit ons gemeente ondersteun dié organisasie. Navrae kan aan Mary Conradie gerig word (maryc@tfdesign.co.za / 072 268 5857). Jeuguitreik se nommer is 021 886 6216 en hul e-pos is yo.stellenbosch@gmail.com.

Deuroffers gedurende die Desembervakansie was as volg:

16 Desember: **Makhathini** = R1 626.
23 Desember: **Straatwerk** = R665.
25 Desember: **Kerkbode-Kersfonds en Studietrust** = R12 101.
30 Desember; **Sending Zimbabwe, Malawi en Mosambiek** = R419.
6 Januarie: **Jeugwerk** = R1 082.

Baie dankie vir almal se bydraes!

Volgende week se deurkollekte gaan aan Huis Andrew Murray.

Geloofsgroei: Genooi om te volg



Hierdie tema wil ons help om Jesus beter te leer ken. Onthou egter dat lees net ’n begin is, want ons leer Jesus werklik ken deur Hom te volg. Hy nooi ons dan ook om agter Hom aan te kom en neem ons stap vir stap deur die lewe.

Dikwels lei Jesus anders as wat ons verwag; telkens neem Hy ons waar ons nie wil wees nie. Dis ’n waagstuk om ja te sê vir Jesus. Geloofsgroei wil ons daarom help om nie net meer oor Jesus en ons beeld van Jesus na te dink nie, maar om Hom ook al hoe meer by ons lewenservarings in te laat en Hom daar te volg.

Almal is welkom om die Geloofsgroei byeenkomste op Woensdae om 09:00 of 19:00 in die konsistorie by te woon. Monty Sahd is die aanbieder in die eerste kwartaal.

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za

Sewe-weke-preekreeks

Vir die laaste paar jaar het ons ook as gemeente aangesluit by ander gemeentes op die dorp om die jaar op 'n spesiale manier te begin en wel deur 'n sewe-weke-reeks in die gemeente te preek en mekaar uit te daag om ook deur die week dieper daaroor te dink en in gesprek te gaan as gesinne en kleingroepe.

Op hierdie sewe-weke-reis word elkeen van ons uitgenooi om deel te word van die avonture van die lewegewende God. As volgelinge van Jesus word ons ook ingenooi in die Vader-Seun-verhouding. Jesus wat uitnooi “Kom” vorm steeds groepe wat leer om in die ritmes van God te leef. Ons maak vanjaar graag gebruik van die materiaal van Rhythm of Life – ‘n organisasie wat vennootskappe sluit met gemeentes om groei en dissipelskap te ontwikkel. *Jy word tydens hierdie Sewe Weke genooi om saam met die gemeente, in kleingroepe of in jou gesinsverband saam te begin lewe op God se ritme ...*
Daar is weer boekies beskikbaar om ons deur die sewe weke te begelei. Neem gerus vandag een by die erediens of kom haal dit by die kerkkantoor. Dit is gratis, maar as jy so voel, kan jy 'n donasie van R20 in die beskikbare houer plaas of later na die kantoor toe bring. Ons glo dat hierdie sewe ritmes ons gaan help en leer om nader aan die Here en nader aan mekaar te leef.

Koinonia bediening

Koinonia gaan oor gemeenskap, saamwees en omgee vir mekaar. Dáár wees vir mekaar en werklik heilige gemeenskap, want ons is saam in God se naam. Of ons nou hier by die erediens kuier of by die huis saam eet ... God is teenwoordig en dit maak dit ‘n heilige gemeenskap.
Die kerk [gemeente] is tog ‘n geloofsgemeenskap wat met die liefdeswaardes van Jesus funksioneer, ’n plek waar ons mekaar onvoorwaardelik aanvaar en help en vergewe. Mag ons hierdie jaar koinonia ervaar in die gemeente As jy idees het oor hoe ons as gemeente meer koinonia kan beleef, kontak vir Leon Cronje (021 886 5115).

Hou hierdie spasie dop!

Huisgeloof is ‘n baie belangrike deel van enige familie se lewe en sal van volgende week af elektronies beskikbaar wees op die webwerf asook via die E-nuusbrief Vrydae. Dit sal inskakel by die 7-weke-preekreeks sowel as die juniors en seniors se kategese sodat die gesin geloofstories kan deel!

ONS KANTOORURE:
Ma: 09:00 tot 13:00
Di - Vr: 08:00 tot 13:00

Ons Barmhartigheidstema vir Januarie is die Jeug.

Ons deuroffers vir die Sondae in Januarie is vir Jeugwerk, Stellenbosch Jeuguitreik, Andrew Murray Kinderhuis en Alta du Toit-skool.

Ons gemeente samel elke maand iets in wat by die tema pas. Hierdie maand samel ons skoolbenodigdhede in vir behoeftige kinders.